

# die HUISGENOOT

10c By die Poswese as Nuusblad Geregistreer 24 MEI 1968



MET PICK-A-BOX OP MARION

WÊRELD SE STRAFSTE SEILWEDVAART



# Met Pick-a-Box op Marion

## Foto-artikel deur Manie Ackermann

**Saam met die voorrade, nuwe weerspan en die jaarlikse pos het ook die gewilde Pick-a-Box-span vanjaar by Marion-eiland opgedaag. Ons het geweet dat die eiland-manne opgewonde sou wees — maar die armgeswaai van die hoë kranse af was meer as wat ons verwag het . . .**


OP die hoë kranse van Marion-eiland het 'n paar figure opgewonde rondgedans en wild met die arms geswaai. Oor die relings van die RSA het ons selfvoldaan geleun. Die skip het sowat 'n halfmyl van die eiland af gelê. 'n Klein bootjie met 'n buiteboordmasjien is kort tevore neergelaat en het poef-poef oor die kristalhelder yswater na die eiland en die armswaaiers beweeg.

So het ons ons die toneel voorgestel die 5½ dae wat die skippie oor en deur die golwe geskommel het om die 1,200 myl na die eiland af te lê. Daar was dertien man op die eiland — sewe weerkundiges en ses amptenare van die Departement Openbare Werke wat nuwe woonkwartiere op die eiland voltooi het. Die amptenare was sowat vyf maande op die eiland en die weerkundiges die gebruiklike jaar. Die aankoms van 'n skip is vir die eiland 'n gebeurtenis — eintlik DIE GEBEURTENIS. Dit gebeur normaalweg net een keer per jaar!

Die opgewondenheid op die eiland was dus te verstane — nie alleen was die nuwe span weerkundiges op pad nie en sou al die eilandbewoners terugkeer nie, maar ook die span van Pick-a-Box, die gewildste program van Springbokradio, was op pad na die eiland.

Maar toe gebeur dit. Een van die drie insittendes van die bootjie het half orent gekom, bakhand agter die oor geluister na die skreeu-boodskappe van die eilandbewoners en rondgekyk. Toe sien ons wat op die skip staan hulle ook — drie reusagtige rugvinne van moordvisse („killer whales'') wat tussen die bootjie en die eiland speel!

En net daar gaan staan die bootjie tussen die digte seebamboes om die eiland. Syd Stigant, tweede offisier







BO: Die einde van die reis. Marion-eiland met sy sneeubelaaide pieke en rante — 1,200 myl suidoos van Kaapstad — blink dof op die horison. Op die voordek kry bemanningslede die hyskrane en rubbervlotte gereed. Die RSA en Pick-a-Box het hul bestemming bereik.

REGS BO: Aandagtig luister Ron Pretorius, die man wat vanjaar sy tweede jaar op Marion deurbring, na sy moeder se stem oor die radio-telefoon. Links sit Bonna ter Steege, klankingenieur van Pick-a-Box, en regs staan Bob Courtney, radio- en rolprentster.

REGS: Drie lede van die Pick-a-Box aan boord die RSA met die weerstasie op Marion-eiland op die agtergrond. V.l.n.r. Bob Courtney, Barry Whitehead en George Moore. Hoewel die son geskyn het, was die temperatuur slegs 4° C bo vriespunt.

# Pick-a-Box




**BO:** Pick-a-Box op Marion by die vlagpaal saam met 'n paar van die eiland-manne. Heel links is Bob Courtney en regs George Moore.

**ONDER:** Kaptein Ken McNish, gesagvoerder van die RSA, luister aandagtig terwyl Bob Courtney verduidelik hoe hy 'n program wat op band opgeneem is, redigeer.



**ONDER:** Selfs die pikkewyne het 'n rol gespeel. Bonna ter Steege hou die mikrofoon stewig vas terwyl mnr. Hennie Grobler van die Nasionale Dieretuin in Pretoria, die pikkewyn probeer oorreed om iets te sê.



**ONDER:** Eerste offisier Funk van die RSA het rede om breed te glimlag. Aan boord het hy aan die program deelgeneem en R130 losgeslaan — pleks van 'n fopprys.



van die RSA wat aan die stuur was, het dadelik die masjien opgepluk en begin werskaf. Bonna ter Steege, klankingenieur van Pick-a-Box, het sy helder rooi pet afgepluk en kleiner geraak in die bootjie. Die Kleurling-bemanningslid het soos 'n soutpilaar gesit. Die vinne het tot 45 voet van die bootjie beweeg, getalm en koers gekry — en toe kry daardie bootjie ook koers. Ek het nie geweet so 'n klein masjientjie kan so vinnig loop nie.

Op hierdie hoë noot het die Pick-a-Box-span, bestaande uit George Moore (organiseerder), Bob Courtney (wat eintlik in die program optree), Bonna ter Steege en Barry Whitehead (besturende direkteur van die maatskappy wat die programme vir Springbokradio vervaardig), se besoek aan Marion begin.

Wat soek 'n radio-span daar doer in die ys-gramadoelas? Luisteraars na die Pick-a-Box-programme — terloops al die afgelope 11½ jaar volgens opnames die gewildste oor die handelsender — vra nie meer hierdie vraag nie.

Weke voor die RSA by Marion aangekom het, het die eilandmanne reeds geweet die radio-span kom saam. Hulle het immers darem 'n radio op die eiland! Van die oomblik dat George Moore met die hyskraan afgelaai is — die touleertjie het bietjie eina gelyk vir 'n man van sy postuur — het hulle hul hande gevryf vir die „groot-groot" pryse.

Tog was dit met die aankoms vir my al of die manne so half verby die nuwe aankomelinge kyk.

Eers op pad terug het ek toevallig een aand die rede hiervoor gehoor. Hulle het half en half verwag dat Mag- half-en-half verwag dat „Maggie, the money girl" ook daar sou wees. En in alle ordentlikheid gesê: as 'n man 'n jaar op 'n eiland was, is dit nogal rede tot opgewondenheid.

Vier programme is op hierdie tog opgeneem — een aan boord die RSA op pad na die eiland, twee óp die eiland en een aan boord op pad terug. Met die aankoms in die Kaapse hawe is 'n finale „money or the box"-speletjie op die kaai gehou.

Die hoogtepunt was ongetwyfeld die programme op die eiland. 'n Paar van die manne het die kans gekry om per radio-telefoon met hul vrouens, beminde of ouers te praat. Een van hulle was Ron Pretorius, wat vanjaar sy tweede jaar op die eiland deurbring. Sy ouers het hom in Maart terugverwag, maar hy het aangebied om te bly toe 'n pos nie gevul kon word nie.

Dit het gesneeu buite toe sy oproep deurgekom het. „Look after yourself, son," het sy moeder gesê. Dit was lekker warm in die hut — maar skielik het dit vir my bitter ver gevoel Pretoria toe.

Het iemand 'n motor gewen? Nee, maar twee het die kans gehad en toe liewer die geld gekies. Albei het darem by die R300 in kontant gewen, wat heelwat beter is as 'n paar optimiste wat geklou het aan die „box". Frikkie Malan, mediese ordonnans wat 'n jaar op die eiland was, het 'n reuse lekker gekry pleks van R207, Koos Visser (twee jaar op die eiland) 'n pikkewyneier pleks van R150, Hans Ullrich (nuweling op die eiland) 'n emmer stoom pleks van R135. Maar die man wat al drie jaar op verskillende tye op 'n eiland was en genoeg pikkewyne gesien het om nooit weer dieretuin toe te gaan nie, Marais Fourie, verlede jaar se leier, het seker die bitterste gelag — 'n afspraak met 'n pikkewyn pleks van R225!

Van die „beste programme" sal geen luisteraar egter 'n woord van hoor nie. Dit is die „programme" wat die eilandmanne met 'n besemstok as mikrofoon gehou het. Die „pryse" wat daar gewen is, sal veral mense wat al 'n jaar op 'n eiland gebly het, kan waardeer.

Op die reis het ek egter die geheim van Pick-a-Box se sukses agtergekom. Bob Courtney (die einste van „Hans en die Rooinek", ens.), George Moore, Barry Whitehead en Bonna ter Steege is lekker kêrels en hulle *moet* lekker programme maak. Die laaste aand aan boord het kapt. Ken McNish, gesagvoerder van die R.S.A., die groep bedank vir die gees en vrolikheid wat hulle saamgedra het — dieselfde vrolikheid wat sowat 560,000 luisteraars elke Maandagaand in hul programme geniet. *

**REGS:** Binne in die nuwe woonkwartiere op Marion-eiland drom weerkundiges, bemanningslede en amptenare van Openbare Werke wat die gebou opgerig het, saam om die mikrofoon.

**REGS ONDER:** Steve Watt, 26-jarige leier van die weerkundige span op Marion, kry sy beurt om te besluit tussen die geld of die doos. Hy is 'n man wat wil trou sodra hy terugkeer en het versigtigheidshalwe die geld gekies — R225. (As hy die doos gekies het, sou hy 'n bromponie gewen het.)

**ONDER:** George Moore word op die vlotte gelaai om na Marion gesleep te word. George het nie kans gesien vir die delikate touleertjie oor die kant van die skip nie!






IT'S
THE
Surf